higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KUNS EN WETENSKAP VAN ONDERRIG
NKR VLAK 2

(5050012)

8 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–11:30

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

398Q1N2008

Kopiereg voorbehou

TYD: 2 ½ UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Kuns en wetenskap van onderrig is in die leerplan ingesluit om dat dit …

A maklik is om te bemeester.
B dit jou as assessor kwalifiseer.
C 'n grondslag-kwalifikasie verskaf.
D kreatief is

1.1.2 As 'n opvoeder kinders van alle rasse-, kulturele en sosiale groepe insluit, noem ons dit ... in die klaskamer.

A billikheid
B gelykheid
C balans
D bemagtiging

1.1.3 Die leerinhoud is ... vir 'n kind as dit nog nie ondersoek en geïnternaliseer is nie.

A bekend
B geïntegreer
C alledaags
D onbekend

1.1.4 Wanneer kennis opgedoen word deur ervaring en eksperimente, word dit die teorie van… genoem.

A empirisme
B rasionalisme
C pragmatisme
D konstruktivisme

1.1.5 As sesjarige kinders basiese wiskunde kan doen wanneer hulle skool toe gaan, word dit … prestasie genoem.

A emosionele
B kognitiewe
C morele
D fisiese

1.1.6 Om te oorleef het mense ... nodig.

A toerusting
B kennis en vaardighede
C begrip
D tegnologie

Kopiereg voorbehou

1.1.7 Inklusiewe onderwys beteken om ... in te sluit.

A party mens
B mense van een ras
C mense van alle agtergronde
D mense met dieselfde profiel

1.1.8 Om te reflekteer beteken …

A om terug te kyk en na te dink oor dinge
B om te kyk wat ander mense doen
C om nie die verlede te hanteer nie
D om na die toekoms te kyk

1.1.9 Wanneer onderwysers aspekte soos liefde en vrees bespreek, verwys hulle na ... aspekte.

A fantasie
B perseptuele
C abstrakte
D onrealistiese

1.1.10 In makro-ekonomie staan GEAR vir …

A goeie ingenieurswese en robotte ('good engineering and robots')
B groot onderwys verander verantwoordelikheid ('great education alter responsibility')
C groen omgewing en riviere ('green environment and rivers')
D groei, bemagtiging en heropbou ('growth, empowerment and reconstruction')

(10 × 1) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Met soveel veranderinge in die wêreld het ons mense nodig wat krities en kreatief kan dink.

1.2.2 Kinders hoef nie deesdae nuuskierig te wees op skool nie.

1.2.3 *Versoenbaar* ('compatible') beteken mense kan sonder konflik saamwerk.

1.2.4 Insluiting ('inclusion') is 'n belangrike faktor by die keuse van die leerinhoud.

1.2.5 Kinders in dieselfde klas sal dieselfde leerstyl hê, met ander woorde almal leer op dieselfde manier.

1.2.6 Wanneer uitgebreide familie of ouers van dieselfde geslag na kinders omsien, word dit nie as 'n gesinstruktuur beskou nie.

1.2.7 Tegnologie kan 'n nuttige hulpmiddel in die onderwys wees.

Kopiereg voorbehou

1.2.8 Ouers behoort nie betrokke te wees by die opvoeding van kinders nie.

1.2.9 *Afwykende ordening* is wanneer slegs een spesifieke onderwerp bespreek word sonder om uit te brei.

1.2.10 Die opvoeder is ook 'n bemiddelaar.

(10 × 1) (10)

1.3 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Die tipe assessering wat aan die einde van die leerperiode plaasvind	A	formatiewe assessering
1.3.2	Skaam kind	B	teruggetrokke
1.3.3	Die waardes, houdings en persepsies wat identifiseerbare aspekte van 'n kultuur vorm	C	ontwikkelingsvlak
1.3.4	Wanneer jonger leerders van ouer leerders leer	D	beperkings
1.3.5	Assessering wat tydens die leerproses plaasvind om die leerders te help ontwikkel	E	summatiewe assessering
1.3.6	Die kind se potensiaal	F	denkrigting
1.3.7	Omstandighede en agtergrond word in ag geneem	G	kontekstualiseer
1.3.8	Hindernisse wat verhinder dat iets kan plaasvind	H	onsigbaar of abstrak
1.3.9	Die milieu waarin die kind leef	I	vereistes
1.3.10	Denkwyse wat deur 'n groep mense gedeel word	J	portuurgroep-leer
		K	individu
		L	omgewing

(10 × 1) (10)
[30]

VRAAG 2

2.1 Voltooi die volgende sinne deur woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

gedrukte; huistaal; relevansie; beplan; musiek; dialek; fisiologiese; hindernisse; ekstra hulpbronne; burgerregte

2.1.1 *Moedertaal* verwys na die leerder se …

2.1.2 Verdraagsaamheid, gelykheid en deursigtigheid is …

2.1.3 As daar 'n verband is tussen leerinhoud en 'n kind se lewe, noem ons dit …

2.1.4 Water, lug en skuiling verwys na die … vlak op Maslow se hiërargie van behoeftes.

2.1.5 Ritme en fisieke beweging kan verbeter word deur die gebruik van ...

2.1.6 Om die doelwitte van die les te bereik, moet 'n onderwyser die aktiwiteite ...

2.1.7 'n ... word geassosieer met spraakpatrone in 'n bepaalde streek en is gebaseer op historiese prominensie.

2.1.8 Boeke is 'n vorm van ... inligting.

2.1.9 Om suksesvol te leer, moet die leerder ... oorkom.

2.1.10 Vir outonome leer om suksesvol te wees, moet 'n onderwyser die leerder van ... voorsien.

(10 × 1) (10)

2.2 Kies die korrekte term uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.2.1 Die manier waarop 'n onderwyser klasgee, staan bekend as (metodiek/boodskappe).

2.2.2 Volgens die teorie van konstruktivisme hang begrip af van die persoon se (perspektief/aanbieding).

2.2.3 Waardes en norme wat teen sesjarige ouderdom geleer is, verwys na (morbiede/morele) ontwikkeling.

2.2.4 Kennis gee 'n beter begrip van die (reëls/werklikheid).

Kopiereg voorbehou

2.2.5 'n (Geriefswinkel/Biblioteek) is die ideale plek om te besoek en boeke te lees.

2.2.6 Om hulle volle potensiaal te bereik, moet mense streef na (selfopenbaring/selfverwesenliking).

2.2.7 'n (Nadeel/voordeel) van individuele leer is dat die onderwyser se rol dikwels verander van dié van fasiliteerder na dié van ondersteuner.

2.2.8 Die (omgewing/betrokkenheid) waarin 'n kind grootword, is 'n ryk bron van inligting en idees.

2.2.9 Wanneer leerders inisiatief neem, noem ons dit (uitstel/proaktief).

2.2.10 Wanneer mense op mekaar vertrou om te oorleef, leef hulle (interafhanklik/onafhanklik) van mekaar.

(10 × 1) (10)

2.3 Gee 'n beskrywing van *deelnemende leer*. (1 × 2) (2)

2.4 Noem VIER kenmerke van deelnemende leer wat in die klaskamer waargeneem kan word. (4 × 1) (4)

2.5 Noem VIER nadele van opvoedkundige tegnologie. (4 × 1) (4)

[30]

VRAAG 3

3.1 Bestudeer die prente hier onder en beantwoord die vrae.



[Bron: *Google Images*]

FIGUUR A **FIGUUR B**

3.1.1 Stel FIGUUR A of FIGUUR B 'n outonome leerder voor? Staaf jou antwoord. (1 + 2) (3)

3.1.2 Vergelyk FIGUUR A met FIGUUR B en noem TWEE verskille in die manier waarop die leerders leer. (2 × 2) (4)

3.2 3.2.1 Bespreek TWEE gevolge wat die leerder in FIGUUR B in die gesig staar as hy nie dissipline en verantwoordelikheid het nie. (2 × 2) (4)

3.2.2 Noem TWEE redes waarom jy dink die leerder in FIGUUR B kan meer kreatief en innoverend wees as die leerders in FIGUUR A. (2 × 2) (4)

3.3 Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

> Mev. Kombe het haar vyf jaar gelede as onderwyseres bekwaam. Elke jaar woon sy seminare by om op hoogte te bly van die nuutste ontwikkelinge in onderwys en tegnologie. Sy het YouTube-video's aan haar leerders bekendgestel om hulle te help om moeilike en abstrakte konsepte beter te verstaan. Sy het gereeld vergaderings met opvoeders in haar portuurgroep en ontvang elke kwartaal 'n opvoedkundige tydskrif. Nie net het die slaagsyfer verbeter nie, maar die leerders se skoolbywoning en houding teenoor die skool het ook verbeter.

Noem DRIE voorbeelde uit die gevallestudie wat aandui dat mevrou Kombe 'n onderwyser is wat glo aan onderwys van hoë gehalte. (3 × 2) (6)

3.4 Mev. Kombe wil die aktiwiteite rakende insekte uitbrei.

Maak voorstelle oor materiaal wat sy kan koop en hoe sy dit vir die volgende kategorieë aktiwiteite kan gebruik:

3.4.1 Oop aktiwiteit (1 × 2) (2)

3.4.2 Selfkorrigerende aktiwiteit (1 × 2) (2)

3.5 Analiseer die volgende stellings en dui aan of dit outonome, deelnemende of samewerkende leer is. Skryf slegs 'Outonoom', 'Deelnemend' of 'Samewerkend' langs die vraagnommer (3.5.1-3.5.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.5.1 Die leerders werk in groepe om 'n werkblad in te vul.

3.5.2 Zinzy werk baie vinnig en word toegelaat om op haar eie werk.

3.5.3 Leerders moet 'n voorlegging doen. Elke leerder se voorlegging sal verskil van die ander s'n.

3.5.4 Elke leerder moet 'n gedeelte van die werk doen. Nadat hulle die werk voltooi het, kom hulle bymekaar om die taak te voltooi.

3.5.5 Die klas bespreek insekte. Leerders kan hul kennis in die klas deel. (5 × 1) (5)

[30]

VRAAG 4

4.1 Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

> Mev. Jones berei haar lesse voor. Die onderwerp vir die week is *winter*. Party leerders woon by hul oumas en oupas, en in sommige huishoudings is meer as een gesin afhanklik van 'n enkele inkomste. Mev. Jones besef dat die meeste leerders in haar klas nog nie oorsee gereis het nie en dus nog nie sneeu ervaar het nie; dit sal vir hulle 'n abstrakte begrip wees. Die term *ysige koue* sal ook 'n abstrakte begrip wees, aangesien die temperature in die streek selde ver onder nul grade val. Mev. Jones sal 'n DVD insluit om die les vir visuele leerders verstaanbaarder te maak. Sy het 'n plakkaat met seuns en meisies van verskillende lande en verskillende ouderdomme wat 'n sneeuman bou.

4.1.1 Hoe beïnvloed die leerders se sosiale agtergrond hulle? (1 × 2) (2)

4.1.2 Noem EEN rede waarom hierdie onderwerp geskik is vir leerders van verskillende kulture. (1 × 2) (2)

4.1.3 Noem die tipe leerstyl van leerders wat bevoordeel sal word as hulle na die plakkaat en DVD kyk. (1 × 2) (2)

4.1.4 Gee vir mev. Jones advies oor hoe sy die term *ysige koue* vir siggestremde leerders kan demonstreer. (2 × 2) (4)

4.1.5 Bespreek EEN aspek wat die plakkaat geskikte materiaal vir leer en onderrig maak. (1 × 2) (2)

4.2 Mevrou Jones wil graag die leerervarings in haar klas verbeter.

Watter onderrig- en leermateriaal moet sy gebruik en watter aktiwiteite kan sy met die leerders doen om die volgende areas te ontwikkel:

4.2.1 Taal (1 × 2) (2)

4.2.2 Fisies/liggaamlik (1 × 2) (2)

4.3 Noem SES beginsels wat mev. Jones moet volg om onderrig en leer van hoë gehalte te verseker. (6 × 1) (6)

4.4 Noem VIER konseptuele faktore wat 'n impak op leerders het en wat 'n onderwyser in gedagte moet hou wanneer lesse beplan word. (4 × 1) (4)

4.5 Die video wat mev. Jones wil wys, sluit mense van verskillende lande in.

Bespreek TWEE doelwitte wat multikulturele onderwys wil bereik. (2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 5

5.1 Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

> Mense en diere is fundamenteel dieselfde. As hulle op 'n vreemde plek kom, sal hulle onmiddellik die omgewing begin verken op soek na kos, water en skuiling. Dit is 'n universele verskynsel, en mense sal redeneer oor wat hulle moet doen om te oorleef.

Sê of jy saamstem dat die stelling hier bo na rasionalisme verwys. Staaf jou antwoord. (1 + 2) (3)

5.2 Volgens die realistiese teorie gee kennis ons 'n beter begrip van die werklikheid.

Noem TWEE voorbeelde van hoe kennis ons kan baat as ons in 'n situasie soos in die scenario in VRAAG 5.1 kom. (2 × 2) (4)

5.3 Volgens uitkomsgebaseerde onderwys sal suksesvolle leer nog meer suksesvolle leer bevorder.

5.3.1 Watter faktore dink jy motiveer leerders om meer sukses te behaal? (1 × 2) (2)

5.3.2 Noem DRIE soorte tegnologie wat leerders kan gebruik om meer suksesvol te leer. (3 × 1) (3)

5.4 Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

> In 'n demokratiese samelewing mag 'n opvoeder nooit weens ras, godsdiens of sosio-ekonomiese agtergrond teen 'n leerder diskrimineer nie. Ons stem dalk nie altyd saam met ander se menings nie, maar ons moet verdraagsaam wees weens die diversiteit in 'n land soos Suid-Afrika. Mense is vry om enige godsdiens te beoefen en die regte van minderheidsgroepe word deur die grondwet beskerm.

Noem VIER regte wat burgers volgens die bostaande scenario het. Noem slegs die reg en nie die voorbeeld in die scenario nie. (4 × 1) (4)

5.5 Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Tydens 'n les verduidelik 'n onderwyser vir leerders dat alle appels vrugte is. Die onderwyser gee vir die leerders 'n komkommer en 'n Granny Smith-appel. Die leerders kom tot die gevolgtrekking dat die Granny Smith-appel 'n vrug is en die komkommer 'n groente. Die onderwyser sny 'n paar appels op en laat die leerders aan die verskillende soorte proe. Die leerders bespreek vervolgens verskillende maniere waarop hulle appels kan gebruik. Party leerders sal dit vars eet; ander verkies vrugteslaai en sommige stel voor dat hulle toffie-appels maak.

5.5.1 Wat noem ons die proses waarin die logiese gevolgtrekking gemaak is deur eers in ag te neem dat alle appels vrugte is en dat die Granny Smith-appel dus 'n vrug moet wees? (1 × 2) (2)



5.5.2 Watter deel van die les kan as die sensoriese proses beskou word? (1 × 2) (2)

5.5.3 Watter tipe leer vind plaas wanneer leerders mekaar leer ken en leer wat elkeen se idees is? (1 × 2) (2)

5.5.4 Noem TWEE onderrig- en leermateriale wat die onderwyser in die wetenskaphoekie kan plaas om die les oor appels en die klassifikasie van appels te verbeter. (2 × 2) (4)

5.5.5 Watter kunsaktiwiteit kan die onderwyser die leerders laat doen om die les oor appels af te handel? (1 × 2) (2)

5.6 Aan watter vlak van Maslow se behoefte-hiërargie word voldoen as 'n leerder met vriende op die skoolterrein speel? (1 × 2) (2)



[30]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou